

# Gereformeerde Kerk Bellville – 11 November 2018 – Oggend

## Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,  
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.  
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;  
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;  
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.  
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.  
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 48:4, 5 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

## Psalm 79:5, 6 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!  
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.
- 6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee; / maar om u Naam die hoogste eer te gee;  
en dat die vyand nooit met ons mag spot: / "Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"

Gebed

## Psalm 83:1 (p. 419)

- 1 O God, wees nie altoos / so stil en dadeloos / teenoor die onheilsmanne!  
Hul steek met groot gerug / die hoof op in die lug / en dreig met onheilsplanne.  
Teen ons smee hul verraad, / teen U, ons toeverlaat, / by wie ons, skuilgeboë,  
teen storm en onweerswind, / 'n skuil- en rusplek vind / uit krag van u vermoë.

**Skriflesing:** Rigters 4:1-24

**Kernverse:** Rigters 4:1-3

**Maar ná die dood van Ehud het die kinders van Israel weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Daarom het die HERE hulle verkoop in die hand van Jabin, die koning van Kanaän, wat in Hasor geregeer het; en sy leërowerste was Sísera, 'n inwoner van Haróset van die heidene. En die kinders van Israel het die HERE aangeroep; want hy het nege honderd ysterwaens gehad en die kinders van Israel twintig jaar lank swaar verdruk. (Rigters 4:1-3 AFR53)**

**Tema:** Christen wees in die wêreld – moenie soos die wêreld word nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, Christene is in die wêreld, maar hulle is nie van die wêreld nie. Dit is woorde wat ons van tyd tot tyd hoor, maar waar kom dit vandaan en wat beteken dit? Die oorsprong van hierdie woorde vind ons in 'n gebed van Jesus Christus. In die nag voordat Jesus verraai en gevange geneem is, het Hy sy dissipels onder-rig oor sy kruisiging, sy hemelvaart en die koms van die Heilige Gees.

Jesus het daardie gesprek afgesluit met 'n gebed wat ons ken as die Hoëpriesterlike gebed van Christus (Joh 17). In die gebed bid Jesus vir Homself, vir sy dissipels en sy kerk. In die gebed noem Jesus dat die mense wat aan Hom en sy Vader behoort deur die wêreld gehaat word omdat hulle nie soos die wêreld is nie. Dan sê Jesus dat Hy nie vra dat die Vader die gelowiges uit die wêreld moet wegneem nie. Hy vra dat die Vader die gelowiges in die wêreld moet bewaar en hulle toegewy hou aan die waarheid van sy woord (Joh 17:15-19). Dit is oor hierdie woorde dat ons sê: Christene is in die wêreld, maar hulle is nie van die wêreld nie.

Dit beteken dat mense wat deur Jesus Christus verlos is altyd anders as die res van die wêreld moet wees. Hierdie andersheid van gelowiges teenoor die wêreld kom uit in die manier waarop hulle lewe – hoe hulle met die skepping werk, hoe hulle teenoor ander mense optree en wat hulle doen wanneer die wêreldse verleidings hulle wil wegtrek van die Here af.

Toe die Here sy volk uit Egipte verlos het, het Hy sy verbond met hulle bevestig by die berg Sinai. Die Here het aan Israel duidelik gemaak dat Hy hulle vir Homself uitgekies het. Omdat hulle aan die Here behoort, moet hulle ook anders lewe as die volke rondom hulle. Deur hulle andersheid – hulle heilige lewe – moet hulle die volke rondom hulle nader aan die Here trek, want die Here wil baie mense hê wat Hom dien as God.

Oor een ding kan jy egter seker wees wanneer dit by mense kom – hulle sal jou kan teleurstel. Miskien het mense jou al teleurgestel. Jy en iemand anders het ooreengekom wat gedoen moet word. En dan gaan doen die ander persoon net mooi die teenoorgestelde van wat jy verwag het. Sulke teleurstellings toets 'n vriendskap. Vir 'n naby verhouding, soos die verhouding tussen ouers en kinders of tussen man en vrou, kan so 'n teleurstelling nogal groot spanning veroorsaak.

Sommer aan die begin van Rigters 4 hoor ons die teleurstelling in die stem van die Heilige Gees. Onder aanvoering van die rigter Ehud het Israel die Moabiete se wurggreep op hulle gebreek. En die land het vir tagtig jaar rus en vrede gehad. Maar na die dood van Ehud het Israel wéér gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

Die woorde – *Israel het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here* – word nou al vir die derde keer gehoor. Tot aan die einde van die boek Rigters weerklink hierdie woorde, sodat dit lyk asof Israel aan 'n chroniese siekte ly. Dit is oor en oor dieselfde probleem en dit lyk asof daar geen oplossing is nie. Hierdie woorde veroorsaak dat 'n mens minder en minder vertrouwe kry in mense. Mense kan nie hulle woord hou nie. Hulle is van nature wisselvallig en wankelig. Gelowige, jy het tog seker ook al hierdie teleurstelling oor jouself gehad. Maar het jou teleurstelling jouself al by die punt gebring dat jy nie meer op jouself en jou vermoëns kan vertrou nie?

Die Here vertel eerlik van mense se mislukkings. Maar dit is gelukkig nie al wat Hy vir ons vertel nie. Hy vertel vir ons van Homself ook sodat ons Hom kan ken. Ja, die teleurstelling oor Israel is vir ons groot, maar kyk hoeveel groter is die Here se genade en onveranderlikheid. Alhoewel Israel vir die soveelste keer hulle rug op die Here draai agter die afgode van die heidene aan, bly die Here steeds met hulle werk.

Dikwels wanneer daar iets slegs in hierdie wêreld gebeur, vra mense: Waar is die Here? Is die Here nog in beheer? Gelowiges kan ook so astant raak en vra: Is die Here nog in beheer, wanneer hulle oor hulleself 'n klomp ellende gebring het. Ondanks daardie ellende wat gelowiges oor hulleself bring, bly die Here getrou, want Hy het Homself met sy verbond aan hulle verbind.

Die Here het sy verbond met Abraham gesluit. En keer op keer deur die geskiedenis heen het Hy hierdie verbond met die nageslag van Abraham bevestig. Dit is 'n ewige verbond, daarom sal die Here doen wat Hy beloof het. Hy sal sy volk verlos en beskerm. Maar is dit al wat die Here doen? Is Hy maar net die Verlosser wanneer mense in die moeilikheid is?

Broers, susters en kinders, ons mense het baie maal net een doel wat ons wil bereik met dit wat ons doen. Wanneer die Here iets doen, werk Hy nie so eendimensioneel nie. Israel moes die Kanaäniete uit die land verdryf, maar het dit nie gedoen nie. Dit was hulle fout, want met sommige heidene het hulle ooreenkomste aangegaan en vir baie ander het hulle net nie kans gesien om uit te dryf nie. Wanneer die Here sê waarom Hy nie al die heidene met een slag voor Israel verdryf nie, gee Hy vier redes. Die Here wil nie dat die wilde diere die land oorneem nie (Deut 7:22), want Israel se getalle was nog maar klein. Die Here gebruik die oorblywende heidene om vyande vir Israel te wees en hulle afgode 'n strik vir Israel (Rig 2:3). Maar dan sê die Here ook later dat Hy die oorblywende heidene en hulle afgode gaan gebruik om Israel te leer om oorlog te voer en om te weet of Israel aan die Here gehoorsaam sal wees (Rig 3:2, 4).

In Rigters 4 kom ons agter wat Israel moes geleer het en wat die Here van sy volk te wete gekom het. Aan die hand van drie name in hierdie hoofstuk gaan ons luister wat Israel moes geleer het. Vanaand sal ons aan die hand van drie ander name hoor wat die Here te wete kom van sy volk.

Dit is in teenstelling met 'n nasie wat verteenwoordig word deur twee manne dat Israel moet leer wie hulle werklik is en dat hulle anders as die wêreld moet wees. Israel bevind hulleself teenoor Jabin en Sisera en 'n nasie met alles waarvoor hulle staan.

Koning Jabin van Kanaän word vyf keer in die hoofstuk genoem, maar hy verskyn nooit self op die toneel nie. Hy bly op die agtergrond en word nooit gesien nie, terwyl hy Israel verdruk met die mense wat soos hy dink. Dit is egter nie die eerste keer wat daar van Jabin gepraat word nie. Baie jare gelede het Josua oorlog gemaak teen 'n koning Jabin van Hasor. In daar-die oorlog het Josua-hulle die koning doodgemaak en die stad

afgebrand (Jos 11:1-15). Die naam Jabin is 'n naam wat vir verskeie konings gebruik is, soos die naam farao vir die konings van Egipte.

Nou kry Israel weer te doen met 'n koning Jabin van Hasor. Dit is 'n koning met dieselfde naam van dieselfde stad. Hierdie terugkeer van so 'n bose koning met sulke bose planne moet vir jou en my geen verrassing wees nie. Israel het koning Jabin in die dae van Josua 'n gevoelige slag toegedien, maar dit beteken nie dat hulle met die kwaad geheel en al klaar afgereken of dit uitgeroei het nie. Die duiwel het die vermoë om homself weer op te rig nadat hy oorweldig is sodat hy kan voortgaan met sy bose werke.

Moenie dat dit jou verbaas nie. Die Here het ons voorberei op hierdie vermoë van die duiwel. In Openbaring 13 sien Johannes 'n dier met sewe koppe wat uit die see kom. Dan skryf Johannes wat hy gesien het:

**En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.**  
(Openbaring 13:3 AFR53)

Gelowiges moenie so naïef wees en verwonderd raak oor die vermoë van die duiwel nie. Dit is net die gelowiges wat dink dat jy nou al volmaak kan word, wat verras is oor die boosheid en sonde wat so dikwels terugkeer. Elke ware gelowige weet die oorwinning wat hy een keer oor sy eie sondige aard behaal het, beteken nie dat sy stryd teen die sonde verby is nie. Die een keer wat jy dit regkry het om nie toe te gee aan 'n verleiding nie, beteken nie dat jy nou self sterk genoeg is om alle verleidings te weerstaan nie.

Deur sy dood aan die kruis het Jesus die slang se kop inmekaar getrap, maar die duiwel is nog nie van al sy mag gestroop nie. Dit sal eers gebeur wanneer Christus terugkeer om te oordeel. Tot dan word die gelowiges opgeroep om waaksaam en nugter te bly, want die duiwel loop steeds soos 'n brullende leeu rond op soek na wie hy kan verslind. Christen, wees bewapen met die wapenrusting wat Christus vir jou verwerf het en die Vader aan jou gee.

Koning Jabin maak sy bose planne waar niemand sien nie, maar sy bose dae bly nie op die agtergrond nie. Hy het 'n generaal met die naam Sisera en die man het die beste wapentuig van daardie tyd – nege honderd ysterstrydwaens. Israel het nie naastenby sulke gesofistikeerde wapens nie. En dit is met generaal Sisera en hierdie militêre wapens waarmee koning Jabin dit reggekry het om vir Israel twintig jaar lank te onderdruk. Israel kon nie sien waar hulle teenstander – koning Jabin – besig was om sy bose planne te beraam nie, maar die generaal, die strydwaens en soldate met hulle wapens was baie duidelik sigbaar.

In Rigters 4 is koning Jabin 'n verpersoonliking van die duiwel wat nie gesien word nie, en Sisera en die soldate is die mense wat deur hom gebruik word om sy bose planne uit te voer. Die duiwel werk vandag nog steeds so. Hy wys nie gesig vir die gelowige en die kerk nie. Maar die bose planne wat hy teen die kerk en Woord van Christus in die donker beraam, word uitgevoer deur mense, organisasies en regerings wat gesien kan word. Gelowige, moet daarom nie verbaas wees as die duiwel die mense en dinge wat vir jou bekend is in die wêreld teen jou en die kerk gebruik nie.

Koning Jabin en sy generaal was verteenwoordigers van die nasie Kanaän en alles waarvoor hulle gestaan het. Die naam Kanaän is 'n naam wat tegelyk weersin en begeerte by die volk van die Here opgewek het. Aan die een kant staan die naam Kanaän vir die heidene wat die beloofde land nog bewoon het. Hulle moes uit die land verdryf word

omdat die tyd van die Here se geduld met hulle ten einde geloop het. Vir baie lank het die Here deur mense soos Abraham, Isak, Jakob en iemand soos koning Melgisedek van Salem aan-getoon dat daar net een lewende God is – die God van hemel en aarde. Maar die Kanaäniete het hulle nie daaraan gesteur nie en nou is die Here se geduld met hulle op. Aan die ander kant staan die naam Kanaän ook vir die land wat die Here nog aan Abraham se nageslag beloof het – die land wat oorloop van melk en heuning.

In tye wanneer Israel gehoorsaam is aan die Here het daar by hulle die begeerte gegroei na die land wat die Here in 'n belofte aan hulle toegesê het. Tegelykertyd het daar dan 'n gevoel van weersin teen die Kanaäniete gegroei omdat hulle Israel teengestaan het. Maar in die tye wanneer Israel ongehoorsaam is aan die Here groei daar by hulle die begeerte om die lewenstyl van die Kanaäniete aan te neem en neem hulle deel aan die afgodery van Kanaän. Hulle het dit gedoen terwyl hulle geweet dat hulle deur hulle ongehoorsaamheid hulle erfenis – die beloofde land – eintlik prysgee.

Met sy berugte geslepenheid teken die duiwel 'n illusie voor Israel se oë met die afgodery en aanloklikheid van die Kanaäniete se lewenswyse. Omdat Israel hulleself laat ompraat het met die illusie het die Here hulle in die hand van koning Jabin verkoop. Onder die harde juk van die boosheid het Israel agterkom dat alles wat so aanloklik lyk net 'n skynbeeld is. Daar is niks aangenaam om ongehoorsaam te wees aan die Here nie. Daarom kan jy ook maar seker wees, gelowige, dit wat die wêreld en die duiwel gebruik om jou weg te lok van die Here af, is nie regtig so goed en aangenaam nie. Dit is net 'n illusie waarmee jy gevang sal word. Sodra jy ingegee het vir die verleiding, verdwyn al die mooi en blink van die verleiding en al waarmee jy sit, is die ellende. Dit is hierdie ellende wat die gelowige laat insien dat die sonde en die bewerkers daarvan – die duiwel, die wêreld en sy sondige aard – in werklikheid sy vyande is waarteen hy moet stry en waarvan hy moet weglug.

Deur die verdrukking wat Israel onder die hande van die Kanaäniete beleef het, moes hulle leer dat die aanloklike lewenstyl van die heidene, en die heidene self, hulle vyande is, maar die land is met 'n belofte aan hulle toegesê deur die Here. Omdat Israel deur die verbond aan die Here behoort, is hulle anders as die heidene en moet hulle anders leef.

Geliefdes, ons kom dan agter dat die Here nooit afwesig is by wat hier op aarde gebeur nie. Hy is altyd teenwoordig en Hy is altyd volkome in beheer. Selfs in daardie ellende wat ek en jy oor onself bring omdat ons onself laat vang het deur die verleidings van die wêreld. In daardie ellende wat 'n gelowige deur sy eie ongehoorsaamheid beleef, is die Here besig om hom te leer dat die sonde en die wêreld se verleidings nie vriende is nie. Hulle is vyande waarteen jy moet stry en waarvan jy moet weglug.

Mag die Heilige Gees elke gelowige se oë oopmaak en mag Hy hulle oë oophou sodat hulle nie sal toegee aan die verleidings nie. Volg die Heilige Gees wanneer Hy jou keer op keer terug lei na Christus deur wie jy by God vergifnis kan ontvang as jy toegee het aan die verleidings. Laat die Heilige Gees volle beheer neem van jou lewe terwyl Hy jou heilig maak om heilig en onberispelik te lewe – anders as die wêreld waarin jy leef.

**Amen!**

Slotgebed

## Psalm 119:25, 26 (p. 591)

2 Dat U my verdruk het, HERE, / dit was enkel goed vir my,  
5 want daardeur het U my dieper / in u kennis ingelei.  
Daarom is dit my veel beter / as die allerrykste skat,  
meer as al die goud en silwer / wat die wêreld kan bevat.

2 U, o HERE, 't my geskape / deur u goddelike hand –  
6 ag, herskep my nou inwendig / en verlig U my verstand.  
Al u dienaars sien my lewe / en dit is hul siel 'n vreug  
dat my siel op u beloftes / so vrymoedig hom verheug.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

## Katkisasieopening

### Skrifberyming 18-6:1, 2, 5

- 1 Ek sien 'n nuwe hemel kom, / 'n aarde nuut en vry.  
Die see en al wat skei, verdwyn. / God self kom by ons bly.
- 2 Die nuwe stad, Jerusalem, / daal uit die hemel neer;  
Skoon soos 'n bruid in heerlijkheid – / geliefde van die Heer.
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein  
van lewenswater, heerlijk rein. / En God sal oor ons skyn.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
11 November 2018